9 April 2006
NG Gemeente Lyttelton-Oos
Palmsondag
Ds Andre Viljoen

Lied 334:1-4
Lied 396:1,3,4
Lied 485:1-3

Ons is vanmôre besig met 'n God wat al hoe meer bevraagteken word [8a]
In 1996 skryf Paul Johnson 'n boek met die titel, **The Quest for God**, en vra in die derde hoofstuk: *Is there an alternative to God?* Karen Armstrong se opspraakwekkende boek, **The History of God**, eindig met die hoofstuk: *Has God a future?*

Ons is ook deel van ‘n **kerk** wat al hoe meer onder verdenking is. [8b]
Mense skroom nie meer om die kerk in die openbaar aan te vat, tot verantwoording te roep of selfs te probeer diskrediteer nie.
‘n Italiaanse priester word hof toe geneem om die waarheid van die Christelike boodskap te gaan verdedig, uitgesproke ateïste soos Nathan Bond en Godzilla neem ywerig deel aan godsdiensforums op Litnet en Kletskerk en ‘n lid van ‘n bekende Suid-Afrikaanse popgroep wys letterlik ‘n paar weke gelede vir God ‘n middelvinger.
Die kerk blý in die nuus, maar dikwels oor die verkeerde redes

Ek is nie vanmôre hier om al die nuutste teologiese (en nie-teologiese) redenasies oor God met u te bespreek nie.
Ek is hier om u te vertel wat ons wél duidelik uit die Bybel oor God weet. [8c]
> Dat Hy 'n God is wat van die begin af 'n hart vir die wéreld het.

Mense dink dikwels die oorsprong van die kerk (en Christene) se uiterlike gerigtheid vind ons by Jesus en later by Paulus – dus, ‘n suiwer Nuwe Testamentiese konsep en begrip.
As ons só dink, maar ons ‘n enorme fout, want God het hierdie missionêre gerigtheid al van die begin af in gedagte gehad.
In Genesis reeds kry ons verskeie geleenthede waar God met mense oor-begin (vgl. Adam & Eva, Noag).

Die Groot Opdrag begin al met God se verbond met Abraham (**Gen 12:2-3**) [9]
Ons sien dat God deur een persoon werk sodat "al die volke van die aarde geseën sal wees".
Let wel - Abraham het nooit gepreek nie!

Nog 'n voorbeeld van God se betrokkenheid by die nasies is **Josef** se verhaal [10a]
Uit jaloesie verkoop sy broers hom aan Ismaeliete wat hom Egipte toe neem. [10b]
Hy beland uiteindelik in beheer van die hele land en deur hóm spaar God dié land en ook omringende volke van hongersnood (**Gen 37-50**)
Deur die **hulp** wat Josef aan ander volke bied, gee hy ook **hoop**. [10c&d]

Dawid & Goliat se verhaal is nie bloot 'n gedetailleerde beskrywing van 'n jong seun wat 'n reus verslaan nie.
Dis eintlik net nóg 'n manier om die volke aan God voor te stel.(**1 Sam 17:45**) [11a-d]

Salomo het sy wysheid as 'n gawe van God ontvang (**1 Kon 4:34**) [12a]
Dit bring mense uiteindelik by God self uit (**1 Kon 10:8,9**) [12b]
Salomo se gebed by die tempelinwyding sluit ‘n onverwagse pleidooi in dat selfs die ongelowiges vir God sal leer ken en aan hom gehoorsaam sal wees

(**1 Konings 8:41-42, 60**). [12c]

'n Herhalende beeld in die OT is Israel as 'n lig vir die wêreld (**Eseg 5:4-5**). [13a]
Myns insiens is een van die beste missionêre tekste in die Ou Testament (die hele Bybel?) **Jesaja 49:5b, 6b** [13b&c]
Hierdie kombinasie van opdrag en bemagtiging word later in die Nuwe Testament dikwels herhaal.
Dis presies wat 'n *ambassadeur* is!

Twee laaste voorbeelde uit boeke aan die einde van die Ou Testament:
[14a&b] **Habakuk 2:14** Soos waters die seebodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word.
[14c&d] **Maleagi 1:11** Van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, word Ek deur die nasies geëer. Oral word daar vir My offers gebring, rein offers. Ek word deur die ander nasies geëer, sê die Here die Almagtige,

Ek het al verskeie kere oor die twee "groot" of bekende missionêre tekste in die Nuwe Testament gepreek en wil oor elkeen net één opmerking maak:

- **Matteus 28 se groot opdrag begin by vers 18!** [15a]

Die opdraggedeelte word eintlik vasgevang tussen twee "hakies" wat Jesus se almag en voortdurende teenwoordigheid onderstreep.

- **Hand 1:8 is nie 'n kronologiese teks nie!** [15b]

Dit was nooit die bedoeling dat werk in een area eers afgehandel moet wees voordat dit in 'n ander een begin kan word nie.
Dit is veronderstel om tegelykertyd oral plaas te vind.

Waarheen is die Here met ons op pad?
Hy stuur ons uit om ander mense te gaan wys hoe om nuut te leef en nuwe keuses te maak en nuwe verhoudings te vestig en nuwe omstandighede te skep en nuwe moontlikhede oop te breek. (vgl. Freddie se eerste preek in hierdie reeks)
In dié proses maak God die aarde nuut.
Dít is vir geen Christen opsioneel nie [15c]
Godsdiens is NIE (net) 'n persoonlike saak nie!

Die groot opdrag het baie meer te doen met wat ons moet **wees** as wat ons moet **doen**. [16a]
Dit het dus ten diepste te doen met ons **identiteit** [16b]
Die drie moderne identiteitsvrae is mos: [16c]

- Waar BLY jy?
- Wat RY jy?
- Hoeveel KRY jy?

Die enkele identiteitsvraag vir 'n Christen is: [16d]
Wie **S'N** is jy?

Die opdrag / taak kan baie oorweldigend lyk – dikwels 'n verskoning.
God vra van ons 'n verbintenis om te doen wat ons kán. [17a]
Ons hoef niks op ons eie te doen nie -> val net by God in! (Skets in *Beleef God*)

[Verhaal van seesterre] [18a]
Vir elke teruggegooide seester is dit 'n kwessie van lewe of dood. Die verkondiging van die evangelie is 'n saak van **ewige** lewe of **ewige** dood.